Teksgedeelte: Matteus 5:17-20

Teksvers: Matteus 5:17

Tema: Christus gee aan alles volle betekenis. Hoe beleef jy dit in Kerstyd?

Donderdagaand het ek en twee kollega's gesels oor hoe mense optree teenoor sekere dinge wat in die kerk van die Here gebeur. Onder andere het ons gesels oor die verandering wat daar gekom het in die manier waarop jongmense na die kerk kyk. Ons, as jongmense, is nie meer so begaan oor die uiterlike verskille en kwessies van die kerk nie. Dinge soos hoe groot die nagmaalbeker/ -kelkie is, wat aangetrek moet word na `n erediens toe en wat presies nou gesing moet word, is nie meer vir ons `n kwessie nie.

Wat ons as jongmense wel wil weet is hoekom ons sekere dinge glo en wat die implikasie daarvan vir my en jou is. Vrae wat ons jonger generasie vrae en regtig mee worstel is diep geloofsvrae. Vrae soos: hoekom moes Jesus werklik mens en werklik God wees? Wat beteken dit vir my as ek sê dat ek glo in die Heilige Gees? en: As ek glo dat Jesus ons bevry het van die wet, soos Paulus leer, hoekom lees ons dan elke Sondag in ons eredienste die Tien Gebooie? Hoekom is die Ou Testament belangrik as ons dan die Nuwe Testament het?

Dit is juis op hierdie laaste vrae wat Jesus Christus self vir ons `n antwoord gee in hierdie gedeelte! Hy is besig om hier vir die Jode van Sy tyd iets besonders te leer. Hierdie is een van Jesus se eerste openbare optredes en met hierdie optrede skok Hy die mense met dit wat Hy sê. Hy sê dat die Tien Gebooie wat Moses vir die volk gegee het, al die seremoniële wette van die Ou Testament en al die profesië van die profete van die Ou Testament na Hom toe gewys het. Dit wat die volk gehad het, was in werklikheid nog net `n skaduwee, nog onvolledig, as dit sonder Jesus Christus is!

Dan gaan Hy verder en Hy verduidelik en bewys dit! In die res van hierdie bergpredikasie van Jesus, gaan Hy en verduidelik vir die mense wat na Hom luister dat dit in Hom is wat die hele Wet, ja, die Ou Testament self, sy volle betekenis kry. Daarom dat Hy elke keer begin met "Julle het gehoor dat..." of "Daar is gesê..." en dan gee Hy die algemene interpretasie wat die skrifgeleerdes en die Fariseërs vir die Wet gegee het. Maar dan kom hierdie groot kontras: "Maar Ek sê vir julle"! Sonde begin nie by `n daad nie, maar by `n gedagte! Ontkenning van die heerskappy van God oor mense begin nie wanneer ek dit sê nie en ook nie wanneer ek iets doen nie. Ontkenning van God se heerskappy oor my lewe begin by my gedagtes. Dit begin waar ek nie meer die wet uitleef omdat ek vir God lief is nie, maar omdat my verlossing vir my belangrik is (dan is geloof iets selfsugtig)!

Maar Jesus Christus gaan selfs verder as bloot die Tien Gebooie! Hy gaan selfs verder as die seremoniële wette van die Ou Testament. In sy lewe hoor ons hoe Hy die hele Ou Testament tot `n volle betekenis bring. Dit is só duidelik dat Matteus self

dit verduidelik in Matteus 12:15-21. Daar haal Matteus hierdie gedeelte van Jesaja 42:1-4 aan: *"Hier is my Dienaar wat Ek aangestel het, my Geliefde oor wie Ek My verheug; Ek sal my Gees op Hom laat kom, en Hy sal die wil van God aan die nasies bekend maak. Hy sal nie twis nie en nie skreeu nie, en niemand sal sy stem op die strate hoor nie. `n Riet wat geknak is, sal Hy nie afbreek nie en `n lamppit wat rook, nie uitdoof nie; Hy sal die wil van God laat seëvier. En op Hom sal die nasies hulle hoop vestig."*

`n Hoofstuk later gaan Jesus Christus self en, weer met `n aanhaling uit Jesaja, verduidelik Hy dat die feit dat sommige Jode, skrifgeleerdes en Fariseërs nie na Hom luister nie, deel daarvan is dat die Ou Testament sy volle betekenis in Jesus Christus moet kry. Nie net in dit wat Jesus Christus geleer het nie, maar ook dit wat Hy beleef en gedoen het, was daarop gemik om aan die Ou Testament sy volle betekenis te gee. Byvoorbeeld: soos die Israeliete vir 40 jaar in die woestyn versoek was, só was Jesus Christus vir 40 dae in die woestyn versoek. Trouens, selfs die antwoorde wat Jesus vir Satan gee, is van die antwoorde wat Moses aan die volk in die woestyn gegee het. Soos wat daar 12 stamme in Israel was, só kies Jesus Christus 12 dissipels om mee `n pad te stap.

En later, met Jesus Christus se kruisiging, hoor ons weer hoe die Ou Testament sy volle betekenis in Hom kry. Met bykans elke kruiswoord word `n gedeelte van `n Psalm aangehaal en met elke gebeurtenis om die kruisiging word `n gedeelte van `n Psalm uitgespeel – selfs die manier waarop Sy klere verdeel word, is `n manier hoe die Ou Testament sy volle betekenis in Jesus Christus kry. Werklik, elke stuk van die Ou Testament kry sy volle betekenis in Jesus Christus.

Maar wat beteken dit vir ons vandag? Hier, so kort voor kersfees. Wat is die implikasies van die feit dat Jesus Christus die hele Ou Testament kom vervul het?

1) As jy die genade van die Here in Jesus Christus wil begin begryp, lees meer gereeld gedeeltes in die Ou Testament. Dit is juis wanneer ons die Ou Testament lees, wat ons bewus raak van ons totale verlorenheid sonder Jesus Christus en dit is wanneer ons die Ou Testament lees, wat ons bewus raak van die totale vryheid wat ons in Jesus Christus ervaar.

2) Besef dat die Wet, profete en die res van die Ou Testament nie maar bloot oor my en jou verlossing gaan nie, maar dat dit die boodskap is van God se almag oor die heelal. Dit gaan in die eerste plek oor die koninkryk van God en die eer wat aan God moet toekom. Dit is juis deur Jesus Christus wat ons God beter leer ken, want Jesus Christus is self God. Hy is Immanuel – God by ons.

3) Besef dat jy as gelowige net jou volle betekenis hier op aarde kan uitleef wanneer jy in `n groeiende verhouding met Jesus Christus staan. Indien jy nie groei in jou verhouding met Hom nie en indien jy nie sy Koningskap oor jou

deur die krag van die Heilige Gees bely en uitleef nie, sal jy ook nie jou volle potensiaal kan uitleef nie. Daardie volle potensiaal en vervulling wat ons beleef wanneer iemand aan God die eer bring as gevolg van iets wat jy gedoen het.

4) Laastens, beleef en vier hierdie Kersfees nie bloot as `n herdenking van Jesus Christus se geboorte nie, maar ook as `n eg profetiese gebeurtenis waarin ons uitsien na die tyd wanneer Jesus Christus weer kom. Net soos ons leer dat Jesus Christus die Ou Testament tot sy volle betekenis laat kom het, net só leer ons in die Nuwe Testament dat Jesus Christus alles tot volle betekenis sal laat kom wanneer Hy alles nuut sal maak my se weerkoms. Dit is dan wat elke knie sal buig en elke tong sal erken: “Jesus is Here tot eer van God die Vader”.

Mag elkeen van ons in hierdie feestyd aangeraak word deur die feit dat die geboorte van Jesus Christus `n tyd ingelui het waarin die hele Ou Testament tot sy volle betekenis gekom het. Mag elkeen van ons in hierdie feestyd meer en meer daaraan dink dat alles in Christus sy volle betekenis kry. Mag elkeen van ons in hierdie feestyd ons volle betekenis vind in ons verhouding met Jesus Christus. En mag elkeen van ons hierdie feestyd ook uitsien na die weerkoms van Jesus Christus wanneer alles hulle volle betekenis vind wanneer elke knie buig en elke tong erken “Jesus is Here tot eer van God die Vader”.